
# Die PEN En Die PENSEEL



*Gregoire Boonzaier, bekende Afrikaanse kunstenaar.*

## Sy Vordering In Afgelope 10 Jaar

bo lei die lyne ons oë — een kolossale boustruktuur, die kasteel; maar dit is „Torresmolinos," opgewekter as laasgenoemde twee, waarin die driehoek- en die reghoek-motiewe as bou-elemente vir my, uit die oogpunt van tegniese komposisie, die suksesvolste gebruik is — kubisties groei dit uit tot een sterk piramied. Vir die minder ingewyde — dit moet toegegee word — dwing die opeenstapeling van geboue om sinloos te word. Die skilder, wil hy algemeen verstaanbaar bly, sal daarmee rekening moet hou. In elk geval, die afwisseling tussen die sag-tere, stille, eenselwige van toon aan die een kant en die swaarlynige, hardere en vastere aan die ander kant is verrykende eienskappe in Gregoire se werk.

In sy kleurtegniek, in soverre dit nog nie aangeroer is nie, bly Gregoire die skilder van die Bolandse atmosfeer. Tog skyn daar 'n sterker neiging by hom te wees om — anders as voorheen — ook sy landskappe aan helderder kleureksperimente te onderwerp. Is dit miskien toe te skryf aan Franse, of liewer nog, Spaanse voorbeeld? In die stillewens is dit nie iets nuuts nie. „Die Geel Beker" wat werklik 'n interessante komposisie is, het dit ten beste bewys. Betyds mag gewys word op 'n moontlike gevaar: Die genot om met verskillende kleurvlakke teenoor en langs mekaar te speel, veral wanneer dit duidelike, samestellende elemente word, kan in 'n komposisie aanleiding gee tot oorhoping of oorlaaiing van 'n doek. Hierdie opmerking geld ook vir sommige van die landskappe waarin die argitektoniese onderwerp oorweeg. Gregoire is andersins juis bekend om sy presiese seleksie — bv. die stil, klassieke eenvoud van „Sonneblomme," met sy deursigtig-geel blombaadjies en die diep-groen blare druipend in hul skemer-omgewing. 'n Mens kan nie help om van Gregoire se bome te hou nie; veral van die windverwaaides op die Kaapse vlakte, vol

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kolom.)

lewende beweging, vol littekens van romantiese ervaringe. Ek dink bv. aan „Bome op 'n Onweersdag," 'n eenvoudige, nogtans aangename komposisie, en aan „Plaas op 'n Onweersdag."

Daar sal nog verwys kan word na die skilder se liefde vir die sterk vertikale lyne wat krag en indrukwekkendheid aan verskillende stukke verleen; („Hawetoneel" of ook in „Penzstraat"). Ons sal kan stilstaan by die dekoratiewe patroon van die klein „Sonneblommetjies" in die regop blou-groen vasie met die houtsnee van die Japanse vroutjie agter, of by die skadupatroon van 'n herfs-kaal boom wat uitspan teen

(Vervolg op bladsy 25.)

## Nuwe Afrikaanse Koorwerk

SO pas het verskyn „Vryheid," 'n koorwerk wat spesiaal vir die Volksfeestekomitee van Johannesburg geskrywe is. Die Afrikaanse teks is van Gideon Roos, die Engelse woorde van J. Gurney Lawrie. Theo Wendt, die bekende dirigent van die orkes van die S.A. Uitsaaikorporasie, het die musiek daarby geskrywe. Die werk is teen 1/6 stuk by die komitee, S.A.N.L.A.M.-gebou, te koop. Die verkoop daarvan is vir 'n onbepaalde tyd in ander lande verbode, maar die reg van uitvoering is vry.

Die Afrikaanse teks is besonder kragtig en tog gevoelig:

*Vir vryheid het ons vaders steeds gestry, gely,*
*Hul alles, selfs hul bloed daarvoor verpand.*
*In bange stryd het hul getrou gebly*
*Aan wet en reg in diens van Volk en Land,*
*Met edel toegewydheid onverpoos.*
*En deur hul dure offer het hul kroos*
*Aanvaar op laas, hul roeping vlekkeloos.*
*Sal ons, hul dankbaar' kinders, nie onthou*
*Die kosbaar' vryheid, pand van droefenis?*
*O God van Nasies, maak ons steeds getrou*
*Aan hierdie onvervreembaar' erfenis.*
*Vervul die ryk belofte van U Ewig Woord*
*Bly vir U kinders steeds 'n skild en toevlugsoord.*
*In groot gevaar, bly U ons by,*
*En hou ons deur U Almag altyd vry,*
*O Heer.*

Theo Wendt het dit vir gemengde koor getoonset. Die inset is *allegro apassionato.* Die akkoorde is breed en in vinnig opgaande lyn. Die inset vir die stemme is eenvoudig, met die drieklank van B mol. Die soprane volg egter dadelik die lyn van die voorspel, breed-opswaaiend tot 'n *fortissimo.* By die tweede reël begin egter die besonkenheid wat pas by die betekenis van die woorde. Mooi is die inset deur die alte en tenore van „In Bange Stryd."

Hierdie eerste deel, tot aan „Sal ons, hul dankbaar' kinders," is moeilik in sover dat die aanduiding *allegro apassionato* sommige koor-dirigente miskien sal mislei. Dwarsdeur is 'n dramatiese ondergrond, wat duidelik uit die begeleiding spreek maar daarnaas moet die betekenis van die woorde tot sy reg kom, wat bereik word deur 'n voortdurende wisseling van dinamiek.

Eers in die tweede deel word die tempo langsamer. Die *arpeggio* wat telkens weer in die begeleiding voorkom, gee die rus, die deemoed aan. Dringender egter word die bede, en die *Tempo agitato,* aangegee by die woorde: „In groot gevaar," word vinniger totdat dit breed uitloop in 'n *allargando* op die woorde: „U Almag altyd vry."

Digter en komponis het mekaar buitengewoon goed verstaan. „Vryheid" is 'n werk wat seker groot byval sal vind en as 'n verryking van die Afrikaanse koor-repertoire beskou kan word.

C. v. d. B.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012